Verwysing: 20170110-7127
13/2/13/P
Navrae: W Mercuur

Kurrikulum VOO-minuut: 0002/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Vakadviseurs, prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Konsessie met betrekking tot die implementering van tegniese vakke in graad 11 in 2017 en graad 12 in 2018

Agtergrond

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is daarvan bewus dat baie leerders by skole, wat tegniese vakke in die Verdere Onderwys- en Opleidingsband aanbied, Wiskundige Geletterdheid in plaas van Wiskunde as deel van hul vakkombinasie in graad 10 in 2016 gekies het.

2. Hierdie situasie het as gevolg van die laat voorsiening van die implementeringsvereistes van Tegniese KABV ontstaan. Hoewel *Staatskoerant No.* 39435, wat na die goedgekeurde vakke in die tegniese stroom verwys, op 20 November 2015 gepubliseer is, is Omsendbrief S15 van 2015, gedateer 14 Desember 2015 en getiteld "Promulgation of Amendment to Policy and Regulations Pertaining to the National Curriculum Statement Grades 1-12" na provinsies gestuur nadat skole gesluit het.

3. Teen die tyd dat Omsendbrief S15 skole in die Wes-Kaap bereik het, was hul beplanning vir 2016 reeds afgehandel.

4. Gevolglik het skole dit onmoontlik gevind om die instruksies in die omsendbrief te implementeer en het baie leerders in graad 10 in 2016 Wiskundige Geletterdheid as 'n vak in kombinasie met ander tegniese vakke gekies.

5. Die WKOD het die kwessie by die Departement van Basiese Onderwys (DBO) geopper en versoek dat 'n konsessie vir die huidige groep leerders in graad 10 gemaak word

sodat hulle toegelaat word om met hul gekose vakkepakket tot graad 12 voort te gaan en hul graad 12-uitslae te ontvang.

Konsessie

1. Die WKOD gee hiermee toestemming aan skole in die tegniese stroom, wat nie aan Omsendbrief S6 van 2016 voldoen het nie, om met hul gekose vakkepakket in graad 11 in 2017 en graad 12 in 2018 voort te gaan.

2. Leerders wat vir die tegniesevakstroom in graad 10 in 2017 inskryf, **moet** aan die regulasies, soos uiteengesit in Omsendbrief S6 van 2016, voldoen.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-01-11